Publication: George Herald
Date: 14 Apr 2016
Page: 35



## Redakteurs-ink

Ilse Schoonraad

# 'Verkragtingskultuur' laat my dink daar's 'n slang in die gras

As ek vandag 'n student op Stellenbosch was, sou ek woedend gewees het. Veral as ek 'n man was.

Stellenbosch Universiteit word deesdae voorgehou as 'n instelling met 'n verkragtingskultuur waar meisies elke oomblik van die dag en nag op hul pasoppens moet wees vir jong mans wat nie hulle wellus kan beheer nie.

Sedert die begin van die jaar is twee studente op kampus verkrag. Dis tragies en twee diep geskonde meisies te veel, maar in vergelyking met nasionale verkragtingstatistieke, is dit egter kwalik regverdigbaar om manlike US-studente oor een kam te skeer en saam in 'n verkragtingskampie te jaag.

In so 'n kultuur van verdagmaking is dit baie moeilik om natuurlike verhoudings met sowel vroulike as manlike klasgenote te behou. As jy n 'vuil' grappie rondom jou koshuis se braaivuur vertel - maak dit jou 'n potensiële verkragter in die manne se oë? Gaan jy 'n reputasie kry as seksueel aggressief of weet die kêrels jy is maar net 'n bietjie ondeund en eintlik 'n goeie ou?

Wat staan 'n gewone jong man te doen? Vroulike studente en jong meisies verfraai hulself (en tereg so) om (meestal) manlike koppe te laat draai en 'n baie spesifieke effek op hulle teikens te hê, maar die Adonisse moet koelkop voorgee dat hulle Moeder Theresa aanskou! Dis gewoon teen die wet van oorsaak en effek...

Maar dit is nie al wat my sou boos maak as ek vandag 'n Matie was nie.

'n Mens se studentejare is veronderstel om 'n ontdekkingsreis te wees.

Op Stellenbosch (en talle ander kampusse in die land), word studente ongelukkig deesdae so aan bande gelê deur 'korrekte' en McCarthy-agtige medestudente en buite-elemente, dat hulle kwalik die kans gegun word om hulself te leer ken - die ideale tyd vir 'n jong persoon om te ontwikkel en te groei.

Net soos tydens senator McCarthy se heksejag op sogenaamde kommuniste in Amerika in die 1950's, word daar deesdae 'n soortgelyke kultuur van vrees en verraad op kampus geskep.

Jou ontdekkingsreis op universiteit behoort in 'n vry, oop omgewing te geskied sonder die inmenging van ma, pa, die staat, neurotiese medestudente of professors wat onder 'Big Brother' se blik swig.

Die huidige taal- ras- en seksisme-debatte op kampus is glad nie vry en oop nie, want studente verkeer onder geweldige druk om sekere opinies te huldig. 'n Tyd wat bedoel is vir buite die boks dink, word oorskadu deur druk om 'PC' te wees en enige soeke na antwoorde op werklike vraagstukke word doodgewurg. Hierdie generasie studente moet na vore kom met oplossings vir massiewe kwessies soos besoedeling, aardverwarming en verskriklike armoede en hongersnood, maar is so besig om versigtig op die vrot eiers van die verlede te loop dat hulle met groot moeite diep spore in die toekoms kan trap.

Om dan ook nog die mynveld van 'n 'verkragtingskultuur' veilig oor te steek, is 'n perd van 'n heel ander kleur.

Komaan US, wys vir Slim Wim julle is jong mense met karakter en moenie dat al die 'debatte' en vingerwysings julle verswelg nie.

Die fisikus Stephen Hawking wat eersdaags vlinderagtige nanoruimtevaartuie die uitspansel instuur, het Dinsdag op 'n perskonferensie in New York gesê: "Today, we commit to this next great leap into the cosmos... Because we are human, and our nature is to fly."